

Lêerno.: 20/3/7
Verwysing: 20241030-7862

Omsendbrief: 0031/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Besonderhede van die kriteria wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat-toekennings vir 2024 toegepas moet word.*

Onderwerp: Kriteria vir die Nasionale Senior Sertifikaat-toekennings vir 2024

1. Dit is vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aangenaam om die kriteria vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) toekennings vir 2024 aan skole te bied (kyk Bylae A).
2. Die doel van die toekennings is om erkenning te gee aan die prestasies van openbare en onafhanklike skole, met 'n bepaalde fokus op die toename van die getal kandidate wat die NSS-eksamen slaag, en om die gehalte van die slaagsyfers te verbeter.
3. Die WKOD maak graag van hierdie geleentheid gebruik om alle skole sukses toe te wens met die aflê van die NSS-eksamen vir 2024.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-11-05